JAARVERSLAG 2016

INLEIDING

Soos elkeen van die afgelope 22 jaar bly dit vir my ’n absolute voorreg en lekkerte om verslag te doen oor die werksaamhede van hierdie baie spesiale skool. Ek gaan slegs hier en daar ’n paar hoogtepunte uitlig, maar meestal dankie sê, aan die verskeidenheid van mense wat hande gevat het in ons strewe na geleenthede en tradisies waar die kinders hulself gelukkig kan uitleef en 'n trots vir Tjokkies ontwikkel. Saam met ons ouers vorm ons immers die brugbouers van 'n wonderlike toekoms vir ons kinders.

’n Volledige verslag is op ons webblad beskikbaar. Maar voordat ek begin laat my toe om so bietjie te preek.

Die wyse waarop verandering hanteer moet word, word deur karakter bepaal. Die HAT beskryf karakter as ‘n kenmerk of geestelike inbors, die eienskappe wat een persoon anders maak as ‘n ander. Karakter het dus te doen met ‘n beeld wat uitgestraal word en sigbaar word vir ander.

Uit ‘n opname wat in 1974 in ‘n verteenwoordigende groep skole gedoen is, is die volgende probleme as die top-tien geïdentifiseer:

* Kougom kou
* Geraasmaak
* Hardloop op stoepe
* Uit rye loop
* Kinders praat uit hulle beurt
* Oortredings tov kleredragreëls
* Rommelstrooi
* Slordigheid
* Verlore huiswerk
* Terugpraat

In 2004 is ‘n soortgelyke opname gedoen met die volgende resultate:

* Selfmoorde
* Swangerskappe
* Diefstal
* Verkragtings
* Besit van wapens
* Dwelmmisbruik
* Alkoholisme
* Aanranding
* Teistering
* HIV/Vigs

Navorsing het ook gewys dat;

- 92% erken dat hulle al vir hulle ouers gelieg het
- 78% sê hulle het al vir hulle onderwysers gelieg
- 70% sê hulle het al gekul in toetse

Bogenoemde dui op ‘n verval van waardes en moraliteit.

As Suid-Afrikaners bevind ons ons in ‘n multi-etniese, muti-taal, multi-kulturele en multi-geloof samelewing. Religie, en in ons geval, Christelike Godsdiens kan as een van SA se grootste bates gesien word. Christenskap vorm die basis vir waardes en norme. Dit is reeds gelê en moet net gebruik word. Tog bevind ons onsself in ‘n gemeenskap waar korrupsie, gebrek aan respek vir ander, misdaad en geweld hoogty vier.

Hierin lê die uitdaging vir ons. Ons het sterk leiers, opvoeders en ouers met karakter nodig wat elke dag met mense werk en mense vorm. Leiers wat passievol meewerk om SA ‘n beter plek te maak. Die skool is ‘n gemeenskap in die kleine. Dus ‘n ideale teelaarde vir dit wat vir almal goed is.

Hoe gaan ons dit doen? Die antwoord lê in die aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir die proses van karakterbou.

Die normale reaksie van ‘n onderwyser en ouer is om sigbare gedrag of houding van die kind te hanteer -- dikwels sonder enige sukses. U en ons moet meer sensitief word vir dit wat onderliggend tot bepaalde sigbare gedrag lei. Ons moet bewus gemaak word van bepaalde wortel-oorsake vir sigbare gedragsprobleme. Byvoorbeeld:

* Verwerping wat lei tot kwaad en bitterheid.
* Selfsug wat lei tot ongehoorsaamheid.
* Misleiding wat lei tot leuens.

Die proses van karakterbou vind in meeste gevalle terloops plaas. Ouers, die skool, kerk en sosiale omgewing aanvaar dat karakterbou by kinders op ‘n terloopse basis sal gebeur. In die meeste gevalle is skole tog besig om te midde van akademiese opleiding en die sport- en kulturele aktiwiteite, hulle waardes op ‘n deurlopende wyse aan leerders oor te dra. Dit is egter nie die hoof fokus van skole nie aangesien skole meestal prestasie gedrewe is, dikwels ter wille van oorlewing, meestal as gevolg van die druk wat die ouergemeenskap op skole plaas.

Het dit nie tyd geword dat ons nuut moet dink en besluit oor Prysuitdelings, Leerlingrade en die wenmotief nie.

Al drie bg is diepgewortelde tradisies in ons samelewing en verg waagmoed om te verander. Het dit nie tyd geword om nuut hierna te kyk nie en die eerste tree na verander aan te pak nie? Verskeie ouervergaderings is al hieroor gehou, dikwels met sterk gevoel dat dit tyd geword het om te verander, maar wanneer die daad by die woord gevoeg moet word ontbreek dit aan waagmoed. Ons word deur eksterne faktore soos die stelsel geforseer en ons is te bang dat ons uitgeworpe mag wees.

Ek was nooit ’n prefek nie en die enigste sertifikaat wat ek ontvang het was vir 5 jaar nooit afwesig nie. In werklikheid geen prestasie, maar net genade. (My ouers was steeds trots op my.)

Die fokus sal egter moet verskuif na ‘n doelbewuste karakterbou en meer energie sal gespandeer moet word op ‘n gestruktureerde wyse deur byvoorbeeld:

Vestig ‘n kultuur waar karakter aangeprys en beloon word, nie net prestasie nie, want na alles is dit karakter wat ons gedrag bepaal en nie prestasie/sukses nie.

Annelie Botes sê in ’n artikel die volgende: “Ons kan alle vakke druip, maar as ons die vak van die lewe (karakterbou) druip, is alles te vergeefs!

Dit gaan dus nie oor die uitwerk van ‘n nuwe kurrikulum nie, dit vra om ‘n gesindheidverandering aan meer as net akademiese en sosiale toerusting. Karakterbou as proses is nie ‘n kitsoplossing vir alle gedragsprobleme nie, maar deel van ‘n deurlopende groeiproses wat ontwikkel aan die kind se toekoms. Wanneer kinders hulle skool verlaat moet hulle nie net kan lees en skryf en wiskundige berekeninge kan maak nie, hulle moet die regte keuses kan maak tussen reg en verkeerd en goed en sleg. Ons Missie sê juis dit.

PERSONEEL
Die volgende personeel verlaat ons of tree met pensioen uit diens. Ons beste wense vergesel hulle:

- Me Minnie v Rensburg, departmentshoof vir die Grondslagfase, met 33 jaar diens waarvan 28 as Departementshoof.
- Me Annamarie Venter, skoolhoof van die Tjokkies Preprimêr met 21 jaar diens as hoof.
- Me Marisca Reyneke, 17 jaar as graad 4 juffrou.
- Me Lorraine du Toit keer na 5 jaar by Tjokkies as graad 2 onderwyser, terug na die Kaap.
- Me Karin van Aardt doen aansoek om medies ongeskik verklaar te word vanweë haar gehoor wat gaandeweg verswak, en mag moontlik nie meer volgende jaar met ons wees nie.
- Me Elna de Klerk, finansiële beampte, het bedank om meer aandag aan haar en haar man se sake belange te gee.
- Me Esther Titsi, assistent in die kantoor,tree uit diens.

Die volgende personeel het hulle permanent by ons aangesluit.

- Mnr Jannie Oosthuizen wat na 8 jaar by die vakbond terug is by die skool.
- Me Linda Vermaak, Gr 4
- Me Sume Meyburg, Gr 2
- Me Amie van Rooyen, Gr 2
- Me Liezl Hiten, jeugwerker
- Mnr Ryno Eckard, Gr 5
- Me Lize-mari Oosthuizen, Suid-Sotho
- Me B du Plessis, voorraadkontroleur en siekeboeg.

Me Elsabe Claassen, is deur die Beheerliggaam aangestel as skoolhoof in die plek van me A Venter. Sy neem in 2017 oor as hoof. Sy is sedert die ontstaan van die skool in 1996 betrokke as onderwyser en haar toewyding is hierdeur beloon.

- Me Helena Potgieter is in haar plek as onderwyser aangestel vir 2017

Die ooievaar het weer oortyd gewerk en kom lewer volgende jaar babatjies af by;
- Me Chantal J v Rensburg

- Me Lize-mari Oosthuizen
- Me Carina Kriel
- Me Leonie de Kock

Hulle poste sal vir 4 maande tydelik gevul word.

Die Beheerliggaam is tans in die proses om die vakante Adjunkhoofpos, Departementshoofpos (Seniorfase) en Departementshoofpos (Grondslagfase) te vul. Die proses behoort teen 15 November afgehandel te wees. Tans neem mnr Louwrens Venter waar as adjunkhoof, mnr Neels Gunter as departementshoof in die seniorfase en mev Lizette Buys as departementshoof in die grondslagfase. Hierdie personeel doen voortreflike werk en is ware steunpilare.

Ons Personeelopleidingsprogram het onder andere die volgende ingesluit:

- Verskeie sportkursusse
- 'Global leadership Summit'
- Geestelike inspirasie praatjie met die tema; 'luister na jou hart'
- Veiligheids inligtingsessie
- SACE CPTD opleiding
- SAOU Wiskunde en Natuurwetenskap opleiding
- Assessering tegnieke
- Geheelskool opleiding (Hantering van leerlinge met leerprobleme)
- VIP salarisprogram vir sekretaresses

BEHEERLIGGAAM

Artikel 20 van SA Skolewet, wet 84 van 1996, bepaal dat die beheerliggaam van 'n openbare skool die volgende moet doen:-

a) die beste belange van die skool bevorder en poog om die ontwikkeling daarvan te verseker deur die voorsiening van onderwys van gehalte aan alle leerders in die skool;
b) 'n grondwet aanvaar;
c) die missiestelling van die skool ontwikkel;
d) 'n gedragskode vir leerders by die skool aanvaar;
e) die prinsipaal, opvoeders en ander personeel van die skool ondersteun in die verrigting van hul professionele werksaamhede;
f) die tye van die skooldag bepaal in ooreenstemming met enige toepaslike diensvoorwaardes van personeel by die skool;
g) die skool se eiendom, asook die geboue en gronde deur die skool besit, met inbegrip van koshuise, indien van toepassing, administreer en beheer;
h) ouers, leerders, opvoeders en ander personeel van die skool aanmoedig om vrywillige dienste aan die skool te lewer;
i) die aanstelling van opvoeders by die skool by die Departementshoof aanbeveel, behoudens die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1994 en die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995;
j) die aanstelling van nie-opvoederpersoneel by die skool by die Departementshoof aanbeveel, onderworpe aan die Staatsdienswet, 1994 en die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995;
k) op versoek van die Departementshoof die redelike gebruik onder regverdige omstandighede van die fasiliteite van die skool toelaat vir opvoedkundige

programme wat nie deur die skool aangebied word nie (kragtens ‘n onlangse wysiging van die Wet word hiedie “regverdige omstandighede” deur die Departementshoof bepaal!);

l) alle ander werksaamhede wat by of kragtens hierdie Wet aan die beheerliggaam opgelê word, verrig; en

m) ander werksaamhede in ooreenstemming met hierdie Wet uitvoer, soos deur die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant bepaal, of deur ‘n Lid van die Uitvoerende Raad by kennisgewing in die Provinsiale Koerant.”

Toegewese funksies volgens artikel 21 bepaal dat die BL ook die volgende moet doen;

(a) Die instandhouding en verbetering van die skool se eiendom, asook die geboue en gronde deur die skool beset, met inbegrip van koshuise, indien van toepassing;

(b) die bepaling van die buitemuurse kurrikulum van die skool en die keuse van vakke/opsies ingevlge die provinsiale kurrikulum beleid;

(c) die aankoop van handboeke, opvoedkundige materiaal of uitrusting vir die skool;

(d) betaling vir dienste aan die skool;

(e) behoudens enige toepaslike wet, die voorsiening van ‘n klas of ‘n sentrum vir basiese onderwys en opleiding vir volwassenes; of

(f) ander werksaamhede in ooreenstemming met hierdie wet en enige toepaslike provinsiale wet.

(g) Om lang- en korttermyn huurkontrakte aan te gaan vir die huur van onderwyshulpmiddels, onderwysmateriaal en onderwystoerusting, onderhouds-toerusting en soortgelyke of verbandhoudende roerende goedere;

(h) om koop- en verkoopkontrakte aan te gaan met betrekking tot roerende eiendom;

(i) om vervoerkontrakte, onderhoudskontrakte en dienskontrakte aan te gaan;

(j) om rekeninge, skulde, eise, dispute en alle aangeleenthede wat mag bestaan of ontstaan tussen die skool en enige persoon, persone, maatskappye, korporasies of liggame van welke aard ookal te skik, kompromieë aan te gaan of te onderwerp aan arbitrasie en om vir doeleindes van arbitrasie alle nodige aanstellings wat benodig mag word te onderteken en handelinge en dokumente in hierdie verband uit te voer.

(k) Om eiendom wat aan die skool behoort of waarmee die skool mag handel of wat onder die beheer vandie skool is, te verhuur;

(l) Om huurgelde te hef en in te vorder en om, indien nodig, enige huur-ooreehnkoms te kanselleer en om alle regstappe te doen wat nodig mag wees vir uitsetting of kansellasie daarvan ten opsigte van enige eiendom van die skool of eiendom waarmee die skool mag handel of wat onder die beheer van die skool is;

(m) Om gelde wat onder die beheer van die skool is van tyd tot tyd te belê of om sodanige beleggings te wysig indien dit nodig of dienstig is om dit te doen.

(n) Om aksies, gedinge, eise en regsprosesse met betrekking tot die skool of in verband met die skool se sake in enige hof of voor enige liggaam in te stel, voort te sit of te verdedig, te skik of te laat vaar;

(o) Om alle vergaderings van skuldeisers van enige persoon of persone, maatskappy, sindikaat, beslote korporasie of liggaam van persone wat geld aan die skool verskuldig mag wees by te woon en om die skol se eise te bewys by sodanige vergadering of vergaderings en te sem vir die verkiesing van ‘n

kurator(s)/likwidateur() of om toe te stem tot die oorgawe van ‘n boedel van enige van die skool se debiteure, om die nodige dokumente te onderteken en te stem vir die verkiesing van ‘n berdeeraar(s) en ook om te stem ten opsigte van alle voorstelle wat in sodanige vergadering aan skuldeisers voorgelê mag word en in die algemeenom alle regte uit te oefen wat tot die skool as skuldeiser se beskking is;

(j) Om kwitansies, kwytskeldings of ander vrystellings vir die betaling van enige gelde of goedere wat namens die skool gevorder is uit te reik wat die effek sal hê om die persoon of persone wat sodanige gelde betaal of goedere lewer van verdere aansprekelikheid kwyt te skeld;

(k) Om, sonder om afstand te doen van of enige beperking te plaas op die voormelde algemene bevoegdhede en magtigings, alles te doen met betrekking tot die gebruik of bevordering van die opvoedkundige aktiwiteite van die skool wat na die oordeel van die beheerliggaam van die skool sal dien tot bevordering van die bestuur en beheer van die skool in die beste belang van alle leerlinge, ouers en personeellede verbonde aan die skool;

(l) Om ooreenkomste aan te gaan en voorsiening te maak vir alle dienste wat redelikerwys benodig mag word vir die bevordering van gesonde administrasie, sekuriteit, kontrole, uitnemendheid in onderwys-, sport-, en kulturele prestasie en indiensopleiding vir personeel van die skool;

(m) Om persone aan te stel om die beheerligaam en die skool by te staan, van advies te bedien, opleiding te verskaf of dienste te lewer aan die beheerliggaam of die skool met betrekking tot regs-, administratiewe, rekeningkunde, arbeids- en ander professionele dienste en om vergoeding daarvoor te betaal ten einde uitvoering te gee aan die bepalings van artikel 20(1), (2), (3) en artikel 37(1), (2), (3), (4), (5) en (6)

Verder meer is hulle ook verantwoordelik vir die daarstel van beleide soos, Taalbeleid, Godsdiensbeleid, Toelatingsbeleide en ‘n Gedragkode vir leerlinge.

Stel u belang in die pos en sien u kans hiervoor? Indien nie, dink ek hulle verdien u ondersteuning en ’n lekker Tjokkie handeklap.

Die lede, onder die ervare voorsitterskap van mnr Willie Burger, lewer ’n gratis en onbaatsugtige diens en skroom nie om hulle professionele kundigheid tot voordeel van Tjokkies aan te wend nie.

Hulle word ook bygestaan deur mnre Neels Gunter, Nicolaas Slabbert, me Lizette Buys en Annemarie Venter uit onderwysgeledere, asook me Elna de Klerk as nie-onderwyspersoneel en me Annalise van Staden, voorsitter van die Ouerkomtee.

FINANSIES

Daar heers ‘n kultuur van pligsgetroue betaling van skoolgeld by die Tjokkie-ouers wat ons in staat stel om al ons verpligtinge na te kom om ’n volhoubare standaard van uitnemendheid in ’n pragtige en veilige omgewing te handhaaf.

Ondanks die feit dat die meeste ouers hulle skoolgeld betaal, het ons ’n groei in slegte skuld gehad, wat waarskynlik die gevolg is van taai ekonomiese tye. Ouers wat aansoek doen vir korting of kwytskelding se aansoeke word ooreenkomstig die SA Skolewet se kriteria beoordeel en hanteer. Daar is egter ouers wat in gebreke bly om skoolgeld te betaal sonder om die nodige aansoek te doen of reëlings te tref, wat die finansiële

kantoor noop om verdere stappe te neem. Nie net wil ons dit nie graag doen nie, maar verg dit ook ’n administratiewe funksie wat tyd en geld kos.

Baie dankie aan me Elna de Klerk, vir haar bekwame boekhouding, me Beualah du Plessis, kassiere en mnr Johannes Kriel wat ’n begroting van 7 miljoen rand met groot verantwoordelikheid bestuur. Ouers word uitgenooi na ons jaarlikse begroting op Dinsdag, 8 November om 18:00 in die skoolsaal.

GEBOUE EN TERREIN
Ons geboue en terrein verg ’n groot inset van verskeie rolspelers. Mnre Neels Gunter en Louwrens Venter verdien vermelding vir beplanning en hul toesig oor ons bouprojekte, en die afhandeling van begrote kapitaalprojekte. Mnr Hennie Greyling, terreinbestuurder, ons terreinwerkers en die terreinkomitee wat omsien na die instandhouding van die skool en tuine. Die jaarlange droogte eis egter sy tol en ons grasperke lei erg daaronder. Ons poging om te boor vir water het op niks uitgeloop en tans wag ons in geloof op uitkoms. Sodra die droogte gebreek is en die waterberkings opgehef is sal ons met ’n grootskaalse rehabilitasieprojek begin.

Die volgende kapitaalprojekte is afgehandel of sal nog afgehandel word.

Tjokkie-muur op hoek van Paul Kruger en Ross-straat	R15,000
Skadunet afdakke by hoofingang	R20,000
Opknap en teel van klein badkamers	R20,000
Verf van fassie- en eveborde	R20,000
Rolstoel-toilet vir dames	R8,000
Alarm opgradeer	R9,000
Kameras in gange en portale	R15,000
Wendyhuis vir stoorplek	R5,000
Klerebank vergroot	self
Heining by parkeerarea	R10,000
Adjunkhoofkantoor se vloer geteel	R7,000
Veiligheidsertifikaat vir krag in geboue	R20,000
Stoeltjies vir GR 1 klasse	R6,000
Opknap van nuwe kunsklas	R10,000
Teel en stoepe by hoofingang	R30,000
Ouditorium -- Projetor skerm en verf van die lokaal	R12,000
Opknapping van hoofingang	R35,000
Skuif en opknap van naamborde by Tjokkies en Muddplein	R6,000
Totaal	**R248,000**

Rehabilitasie van sportvelde en Muddplein (R100 000) sal oorstaan na volgende jaar indien dit sou reën.

BEMARKING
Hierdie komitee onder leiding van prof Liezel Lues, het op ’n gereelde basis vergader en deurgaans na die aspekte van bemarking gekyk.

Die volgende aspekte, om net ’n paar te noem, het deurentyd aandag geniet;

- Die daar stel van’n nuwe gebruikersvriendelike webblad.
- Sigbare verbeteringe aan die beeld en voorkoms van ons skool en lokale.

- Bemarkingsmateriaal
- Sigbaarheid van ons skool se waardes op prominente plekke.
- Eenvormigheid tov sport- en kultuurklere tydens uitstappies en toere bly uitdaging en priorteit.

OUERKOMITEE
Me Annalise van Staden en haar komitee verdien 'n pluimpie vir hulle harde werk en suksesvolle wyse waarop hulle elke geleentheid gereël het. Dit kan net gebeur as daar bekwame leierskap en goeie samewerking is, iets wat deurgaans te bespeur was. Behalwe vir die verkope tydens die drie sportdae, te wete die Graad 1-dag, en die Tjokkie-hokkietoernooi het hulle het die mooi bedrag van R40 000 ingesamel

Mnr Francois Marais, sameroeper van die graad 7-komitee het met die Boklootjies en Bingo-aand vir die leerlinge 'n R45 000 ingesamel. Hierdie geld word jaarliks gebruik om vir die skool'n afskeidsgeskenk te koop.

Ons opregte waardering aan al die graadkomitees met hulle fyn beplanning en deeglike uitvoering van al die projekte. Baie dankie aan hierdie lojale ouers wat met hulle dienswillige leefwyse diep spore in mense se harte en op die skoolgronde getrap het.

LEERDERROL
Ons skoolrol staan tans op 890 leerders en alles dui daarop dat ons ongeveer 890 in 2017 sal wees. Die groot Graad 7 groep van 145 wat ons verlaat en die feit dat ons net 132 Gr 1 leerlinge toelaat beteken dat ons getalle nie sal styg nie.

MIDDAGSTUDIE
Ons middagstudie akkommodeer tans 210 leerlinge. Tans is daar 8 dames wat die fort hou, met me Chrisna Swanepoel aan die stuur van sake.

Ons is deeglik bewus van die groot verantwoordelikheid om vir hierdie Tjokkies, wat heeldag by die skool bly, te sorg. Dit verg 'n fyn aanvoeling om 'n veilige omgewing te skep waarbinne die kinders gekoester kan word.

Baie dankie aan elke toesighouer vir die liefde en omgee van elke kindjie.

MA'S WAT OMGEE
Hierdie klomp getroue mammas weet waar hulle krag lê en kom elke Donderdagoggend bymekaar om Tjokkies aan ons Groot Leermeester op te dra. Hulle gebedslysie bly vol, want daar is altyd, 'n onderwyser, leerlinge of ouer wat geestelike ondersteuning nodig het.

JEUGWERKER
Me Elri Kühn wat besluit het om te bedank na die geboorte van haar eersteling, het die geleentheid gegee vir me Liezl Hiten in te skakel. Sy werk 2 dae per week by Tjokkies waar sy veral betrokke is by die geestelike versorging van ons leerders. Sy is nou betrokke by die VCSV, Bybelsessies, saalopeninge en individuele terapie aan ons kindertjies met einas. Sy hanteer gebedsversoeke uit ons gebedeboks en met haar vriendelike glimlag, innemende persoonlikheid en as diep gelowige doen sy koninkryks-werk.

LEERLINGRAAD

Dit was in vele opsigte ‘n voorspoedige jaar, en dit is alles te dankie aan ons Hemelse Vader wat ons gelei het om alles op die regte manier te doen.

Die projekte vir 2016 was:

Leerderraadkamp

Die kamp, wat deur die skool aangebied is, was ‘n heerlike inleiding tot hulle jaar en oulike idees het daaruit gekom soos onder andere die slagspreuk ‘Groei waar dit nodig is om te groei. Die kamp is na Florisbad geskuif nadat die kampterrein by Zastron afgebrand het.

Valentynsdag

Die dag was weereens ‘n hoogtepunt vir al die leerlinge. Die komitee het hard gewerk met die beplanning en uitvoering van al die oulike idees. Die leerderraad het dit vir die kinders moontlik gemaak om goedkoop geskenkies te kon koop en daardeur ander se harte bly te maak. Daar is 910 hartekoekies vir al die leerlinge in die skool gebak sodat elkeen op dié vrolike dag ‘n geskenkie kon kry. Die kinders het betaal om met sivvies skool toe te kom en dié geld gaan aan ‘n liefdadigheidorganisasie geskenk word.

Leerderaadaksies

Drie leerderaadaksies is die jaar aangebied. Die eerste kwartaal was ‘n spanbou wat met ‘n swem afgesluit is. In die tweede kwartaal is ‘n drumming en gum boot spanbousessie gehou wat deur die studente van die UV aangebied is en in die derde kwartaal het die leerderraad ‘n Jeugberaad by Hoërskool Sentraal bygewoon. Die kinders het al die spanbouaksies geniet en leersaam daaruit gekom.

Graad 7 aksie

Twee graad 7 aksies is die jaar aangebied. Die graad 7’ s het aangedui dat hulle met hul spanbouaksie graag sal wil leer dans. ‘n Dansles is gereël en 98 graad 7’s het die dansles bygewoon. n Professionele dansafrigter het die kinders vir ‘n uur touwys gemaak en daarna kon hulle vir nog ‘n uur die danspassies oefen. Die tweede aksie het plaasgevind terwyl die leerderraad by die Jeugberaad was. Professionele persone is gereël om die graad 7’s vaardighede aan te leer oor hoe om boeliegedrag aan te spreek. Die vaardighede is nie in lesingformaat aangebied nie, maar het die kinders aktief by die aktiwiteite betrek. Die aanbieding was uiters suksesvol en die personeel het dit as baie toepaslik vir die ouderdom kinders beskou. Die kinders het dit ook baie geniet.

Gemeenskapsprojekte

Hierdie jaar se gemeenskapsprojek is gerig op die Athalia-huise. Nie-bederfbare produkte is deur die graad 1 tot graad5’s ingesamel en na die Athalia –huise geneem. Die honderde sakke vol kos wat ingesamel is het net weer bewys dat Tjokkies se ouers en leerlinge omgee-harte het. Die nie-bederfbare produke is in die 1ste en 2de kwartaal oorhandig.‘n Wol insameling is onder die graad 6 en 7’s gehou en vrywilligers het slaapsokkies gebrei wat in die 3de kwartaal oorhandig is. Die skoenboks projek, gevul met toiletware, het in die 4de kwartaal plaasgevind.

Pretdag

Ongure weer het veroorsaak dat die Pretdag gekanselleer is. Daar was 410 kaartjies en 5 inskrywings vir die potjiekos kompetisie verkoop. Die persone wat kaartjies gekoop het kon dit vir ‘n ‘goody bag’ kom omruil.

My verjaarsdag was n heerlike verrassing in die vorm van ‘n “kinderpartytjie’ met die hele skool as gaste.

Lentedag
Die skool het soos lente gelyk. Goeie beplanning en harde werk het van die dag ‘n sukses gemaak. Verversings is verkoop en foto’s kon tydens pouse geneem word. Dit was ’n besonderse lentedag. Die kinders het weer betaal om met sivvies skool toe te kom en dié geld gaan aan ‘n liefdadigheidorganisasie geskenk word.

Treat ’n Onnie
Die Treat ‘n Onnie komitee het die personeel bederf. Die idees was baie oorspronklik en die personeel het dit baie waardeer.

Graad 7 afsluiting
Nie eers die ergste haelstorm, wat Bloemfontein nog beleef het, kon die graad 7’s van hul afsluiting weghou nie. Ouers en kinders het in die saal gekuier en die braaiers het onder die afdakke gebraai. Die aand het afgesluit met ‘n karaoke waartydens die kinders, onderwysers en ouers hul gunsteling liedjies kon sing. Die graad 7’s het op ‘n hoë noot hul laaste kuier by Tjokkies afgesluit.

Blomme
Elke mamma van die leerderraad het ‘n beurt gekry om die voorportaal met blomme te versier. Die moeite en tyd daarin is baie waardeer.

Teebeurte
Die leerderraad het kwartaalliks ‘n beurt gehad om die onderwysers tydens pouse met iets te ete te bederf.

Baie dankie aan elke kind en ouer vir die mooi gesindheid en bereidwilligheid tydens al die projekte. Dit het 2016 ‘n jaar met net goeie herinneringe gemaak.

AKADEMIE
Ons is dankbaar vir geleenthede wat gebruik kon word om elke leerling se vermoë maksimaal te probeer ontwikkel. Geleentheid is ook aan elke leerder gebied om hulle op hierdie terrein uit te leef en voor te berei vir die toekoms.

Onderwysers het ook gedurende naweke en vakansies kursusse en inligtingsessies bygewoon om op hoogte met vakinhoud en metodiek te bly. Verpligte personeelopleiding was een keer per kwartaal aan die orde van die dag.

Melding by verskeie Departementele vergaderings en ander instansies is gemaak van Tjokkies se puik akademiese uitslae. Groot waardering aan ons ouers wat in hierdie proses vennote is. Die leerders het om vele terreine op die akademiese akker mooi presteer.

Ons het ook ‘n baie suksesvolle tegnologie-aand gehou waartydens die onderwysers aan die ouers gedemonstreer het hoe hulle tegnologie as hulpmiddel in die klasse gebruik. Die sessie is ook herhaal deurdat alle skole in Mangaung genooi is om te kom kers op steek by Tjokkies. Hierdeur demonstreer ons ons bereidwilligheid om te deel, in belang van alle kinders.

Wiskunde

Nautilus

Al die graad 4 - 7 leerders wat deur die jaar deelgeneem het, het besonder goed gevaar met verskeie eerste, tweede en derde plekke in hulle verskeie grade.

Daar was ook twee van ons graad 7 leerders uitgenooi na die jaarlikse ASSA Suid-Afrikaanse Wiskunde spankompetisie, wat deur die Nautilus Wiskunde projek aangebied word. Hierdie leerders is geïdentifiseer deur uitmuntende prestasies tydens die Nautilus kompetisies.
Die leerders was: Christine Rossouw en Maryke Du Pisanie
Christine haal ook die Junior A-Span wat bestaan uit Graad 7-9 leerders. Hierdie span behaal ‘n 8ste plek uit 45 deelnemende spanne.

Vrystaat en Noord-kaap Wiskunde Uitdaging (Vorige naam, Amesa)
Al die graad 3-7 leerders het hierdie jaar weer vir die uitdaging ingeskryf. Die leerders het dit baie geniet en die volgende besondere prestasies is behaal:

Graad 3:	Elré Oosthuizen	- Algehele 2de plek
	Miré Vorster	- Algehele 2de plek
	EJ Kruger	- Algehele 2de plek
	Zander van Staden	- Algehele 8ste plek
	Carli Momberg	- Algehele 8ste plek
	Janco Smit	- Algehele 8ste plek
	Christine van Zyl	- Algehele 8ste plek
	Tiaan Tiedt	- Algehele 8ste plek
	Jana Helmand	- Algehele 8ste plek
	Christiaan Botha	- Algehele 8ste plek
Graad 4:	Jana Rossouw	– Algehele 12de plek
Graad 5:	Wilandré van der Walt	- Algehele 5de plek
	Cara Stevens	- Algehele 5de plek
	Miané Smit	- Algehele 14de plek
	Zané de Villiers	- Algehele 14de plek
Graad 6:	Michael Raubenheimer	– Algehele 3de plek
	Emma Nel	- Algehele 3de plek
	Yvé Kriel	- Algehele 7de plek
	Nicole Dreyer	- Algehele 11de plek
Graad 7:	Christine Rossouw	- Algehele 2de plek
	Matthew Raubenheimer	- Algehele15de plek

Wiskunde-in-Aksie
Christine Rossouw behaal ook ‘n algehele 3de plek met hierdie uitdaging wat aangebied was deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

PO LEUNG KUK 19e Laerskool Wêreld-Wiskunde Kompetisie
Een van ons graad 7 leerders, Christine Rossouw, haal ook die Laerskole Wiskunde-span (4-lede) van Bloemfontein wat deelgeneem het aan die PMWC (Primary Maths World Contest) by Po Leung Kuk in Hong Kong.

REKENAARSENTRUM
Dit was weereens ‘n goeie jaar vir Tjokkies se rekenaarsentrum. Onderhoud aan die sentrum se rekenaars is beperk tot die vervanging van komponente van 'n aantal masjiene.

Ons is tans besig met die ondersoek van ‘n Wi-Fi stelsel vir die skool. ’n Behoefte vir hierdie diens is noodsaaklik vir die verbetering van ons tegnologie.

Ons Webwerf is gedurende die jaar opgegradeer deur ‘n buite firma. Ons is egter nog in die proses om veranderinge en probleme met hulle uit te sorteer. Die webblad is egter al beskikbaar op die internet by www.tjokkies.co.za .

Opvoedkundige sagteware wat die CAPS leerplan ondersteun word gebruik waarvan die resultate elke kwartaal aan leerkragte beskikbaar gestel word. Naslaan programme word tans gebruik vir navorsing en take. Daar word jaarliks, in samewerking met ons leerkragte, na al die sagteware gekyk ten einde te verseker dat ons op hoogte en in pas bly met nuwe, verbeterde programme vir ons leerders.

Rugsteun van data word daagliks van al die administratiewe rekenaars, sowel as die van die Kleuterskool gedoen en op verskeie bronne gestoor.

MEDIASENTRUM
Die biblioteek is nou ten volle elektronies en boeke word inskandeer vir uitleen en terugbesorg. Dit maak die opsporing van uitgeleende boeke baie makliker. Alle boeke in die biblioteek is ingelees en word deurlopend gemonitor vir ingeval ‘n boek dalk oorgeslaan is.

Die werkswinkels en vergaderings deur Slysig en Liaza was baie leersaam en daar word geleer by ander skole. Selfs agtergeblewe skole is soms ‘n inspirasie.

Die biblioteek en haar passie om liefde vir lees by kinders te kweek is me Marisca Reyneke se nalatenskap.

ONDERSTEUNINGSONDERRIG
In die Grondslag, Intermediêre- en Seniorfases word leerders met agterstande in Gesyferdheid, Geletterdheid asook Perseptuele vaardighede so gou moontlik geïdentifiseer. Wanneer leerders inskakel by ondersteuningsonderrig, word hul verwys na Voorligting Sielkundiges vir evalueringstoetsings en indien nodig vir ander terapie waaroor die skool nie beskik nie. In sekere gevalle waar ons opmerk dat ‘n leerder nie suksesvol vorder met ons ondersteuningsprogram nie, word die leerder verwys vir moontlike inskakeling by Gespesialiseerde Onderwys. Die proses word altyd in samewerking met die ouers, terapeute/sielkundiges/neuroloë, skool se ondersteuningspan asook die Inklusiewe Onderwysdepartement se ondersteuningspan gedoen.

Gesyferdheid in al die fases verleen vele geleenthede tot ontwikkeling. Die vrees wat by leerders ontstaan vir Gesyferdheid, word oorkom met die aanleer van vaardighede soos: abstrakte denke en redeneervermoë, insig en probleemoplossings, visuele integrasie met konkrete hulpmiddels, asook deursettingsvermoë! Die opbou van

selfvertroue, motivering en ‘n positiewe gesindheid teenoor Gesyferdheid is van groot belang by elke leerder!

Geletterdheid sluit in die ontwikkeling van lees, spel en skryfvaardighede en is van groot belang. Leerders word gelei om die inhoud te ontdek en te verken asook om met insig en begrip te lees. Leesmetodes en spelreëls speel ‘n deurslaggewende rol in elke leerder se taalontwikkeling en ‘n liefde vir lees en spel word gekweek! Met die verskeie programme en metodes wat die skool bied, word die leerder geleer dat lees interessant is en word hulle aangemoedig om dit te geniet! Daar word deurentyd aandag gegee aan die ontwikkeling van perseptuele vaardighede, aangesien dit die grondslag vorm van Gesyferdheid en Geletterdheid!

Tydens 2016 het ons ondersteuningsprogram bestaan uit verskeie hulpmiddels, individuele werkstasies asook ‘n hindernisbaan om grootmotoriese ontwikkeling te bevorder asook die ontwikkeling van perseptuele vaardighede. Verskeie kundiges het die personeel kom toespreek op die terreine van Outisme, Disleksie en Konsessies.

In die Terapiekamer word gedrags- en emosionele probleme aangespreek en die nodige terapie toegepas. Die leerders word gehelp om vaardighede aan te leer om sodoende hul emosies beter uit te druk en te hanteer. Ons jeugwerker, Me Liezl Hiten, speel ‘n groot rol om van hierdie probleme te help oplos en ondersteuning/berading te kan verskaf waar nodig! In die terapiekamer word ook evaluerings en toetsings gedoen deur sielkundiges, opgeleide persone en terapeute. Spraakterapie word hier 3 dae per week deur Me Esthie van Vuuren aangebied om ons leerders te help wat hiermee probleme ondervind.

KULTUUR

TJOK-KLETS

Die waardes van ons skool word in die Junie-uitgawe uitgebeeld deur ‘n groep leerders wat elk ‘n houer met pragtige blomme vashou. Daar is onder andere verslag gedoen oor Tjokkies se omgee-harte en ‘n klomp nuwe onderwysers is van nader leer ken. Tjok-kleuters het berig oor van tente tot tablette en selfs vertel waar wors vandaan kom. In Tjok 1,2,3 lees ons van Tjokkies se eie koekedore en leer meer oor die wit skoenlappers wat Bloemfontein in Maartmaand getref het. In Tjok-Sport is daar berig oor verskeie sportprestasies en toere na Kroonstad en George.

U kan uitsien na die November uitgawe wat weer sal berig oor die doen en late van ons Tjokkie-leerders.

Die redaksie wat hard werk om elke uitgawe met interessante leesstof beskikbaar te stel is:

- Redakteur Me L. Corbett:
- Sub-redakteur Tjok-kleuters: Me Elsabè Claassen
- Sub-redakteur Tjok 1-2-3: Me Chantal van Rensburg
- Sub-redakteur Sport: Me Lianza Grobler

Pom-poms

Die pom pom groep van 2016 het bestaan uit 16 graad 2 en 3 dogters. Ons kan terugkyk op ‘n jaar wat gevul was met verskeie optredes, waarvan die Kruitberg Revue Fees en die Sand du Plessis Revue Fees van die enkele hoogtepunte was. By die Rivistakompetisie het die dogters ‘n A++ behaal. Hul het voorwaar Tjokkies se naam hoog gehou.

VCSV
Me Liezl Hiten het as Jeugwerker in April by Tjokkies aangesluit. Sy is op Maandae en Donderdae by die skool. Sy sien leerders individueel wat probleme ervaar en gee ook voorligting vir graad 7. Sy fokus op geestelike ontwikkeling.

VCSV is op Donderdae tydens langpouse. Tussen 60 en 80 leerlinge woon die VCSV gereeld by. Ons het in September 'n baie suksesvolle kamp gehad by Retiefkampterrein. Doxa Deo se jeugleiers, onder leiding van me Elri Kuhn, het dit aangebied en sowat 130 leerders het die kamp bygewoon.

Seniorkoor
Die koor het hierdie jaar afgeskop met 'n heerlike kamp ter voorbereiding vir ons verskeie optredes wat die volgende ingesluit het: St. Michael's kunswedstryd, Halleluja in die Sand du Plessis teater, die Foyeroptrede saam met Jak de Priester en ons laaste optrede van die jaar was op 30 Oktober by Universitas-Wes gemeente. Baie dankie aan al die kinders met hul engelstemme, 2016 was voorwaar 'n belewenis!

Musiek
Gedurende 2016 het 189 Tjokkieleerders die voorreg gehad om gedurende skoolure musiekonderrig te ontvang in klavier, klawerbord, kitaar, blokfluit en teorie. Kwaliteitonderrig word nagestreef vir elke individu volgens sy/haar vermoëns.

In September vanjaar het 15 Tjokkieleerders die praktiese eksamens van UNISA gespeel en baie mooi presteer. Op 24 en 25 Oktober word die UNISA teoretiese eksamens geskryf waarvan die uitslae eers teen die einde van die jaar ontvang sal word.

Gedurende Meimaand het 155 van ons leerders deelgeneem aan die St Michael's Music Festival en ongekende sukses behaal met A+++ vir 3 van die blokfluitgroepe! Ons is so trots op hierdie uitslae wat die gevolg is van harde werk deur die leerders en hulle onderwyseresse.

Op 16 en 17 September het 7 van die blokfluitleerders deelgeneem aan 'n blokfluitfees wat geröel is deur die Bloemfontein en Kimberley Blokfluitvereniging olv dr Petrus Krige. Hierdie was 'n besondere geleentheid waaraan spelers tot 80 jaar oud deelgeneem het in orkesverband met 'n dirigent aan die spits van sake. Ons leerders het blootstelling van onskatbare waarde gekry en is geinspireer deur die kennis en vernuf van hierdie uitstaande musici.

Deur die loop van die jaar kry elke leerder geleentheid om iewers op te tree hetsy die kunswedstryd, tydens debatoggende, UNISA eksamens, die gr 1 Opedag en dan spesiale geleenthede soos die blokfluitfees.

Voortrekkers
Dit was vanjaar die Voortrekkers se 85 jarige feesvieringe met die slagspreuk "Die Voortrekkers trap nuwe spore". Dié hoogtepunt van die Vrystaat het plaasgevind by die Voortrekkermonument.

Ons kommando wat tans die grootste kommando in die Vrystaat is, spog met `n ledetal van 258 Voortrekkers wat defnitief spore in ons gemeenskap, kommando en gebied trap.

Onderskeie kampe is baie goed bygewoon. Die gekombineerde kamp van die GSF- sowel as SP Voortrekkers is by die Retiefkampterrein gehou. Tjokkies is baie goed verteenwoordig op die onderskeie Gebiedskampe te Doornkloof. Hierdie jaar is daar vir die eerste keer `n Oordkamp vir alle Gr. 3 Voortrekkers en hul ouers gehou. Die kampe vorm `n onlosmaaklike deel van Voortrekkerwees.

Die P.D kandidate se harde werk is beloon. Die P.D Voorslageksamen word op Doornkloof afgelê. Tjokkies spog met 8 goue toekennings en 2 silwertoekennings. Baie geluk aan elkeen van hierdie Voortrekkers!

Ons kommando groet vir Juffrou Marisca Reyneke wat waardevolle werk as offisier verrig het en wat Voortrekkerwees vir elke Voorie `n fees gemaak het.

Baie dankie aan elke ouer wat dit vir u kind moontlik maak om nuwe spore in die Voortrekkers te trap. Baie dankie aan elke Heemraadslid vir ondersteuning en harde werk asook aan elke offisier wat diep spore trap in elke Voorie se hart.

GSF Koor
Hierdie 65 musikale Tjokkies onder die leiding van Jana Stoltz is voorwaar `n spogstuk van ons skool. Hul verower die mense se harte met genotvolle sang. Hulle het by verskeie geleenthede opgetree. Die hoogtepunt van hierdie jaar is hul eie eerste CD wat opgeneem is by Jana Stoltz Sangskool en die klank is gedoen deur Du Preez Produksies. Dit is `n eerste vir ons GSF-koor – welgedaan!

Ritmegroep
Die energieke, spontane en borrelende dansgroep, bestaande uit 46 lede, het vanjaar geskitter in hul optredes. Optredes het afgeskop met Kruitberg en Karnallie Speelgroep se Revue-aande.

Die hoogtepunt was hul optrede by die Revue- en Trompoppiefees in die Sand du Plessis Teater. Die groep vaar ook uitstekend by die Rivistakompetisie wat by Böhmer Sekondêre Skool aangebied is, waar ‘n punt van 89% A+(goud) behaal is. Voorwaar ‘n pragtige advertensie van Tjokkieland.

Sprekers
Ons het die afgelope jaar hier by Tjokkies weereens aan ons kinders ruimskoots geleentheid gebied om aan die onderskeie grade se redenaarskompetisies deel te neem. Die senior en junior primêre afdelings het hul onderskeie debatte gevoer. Ons is dankbaar vir elke leerder wat sy/haar weg oopsien en deelneem. Dit sit nie in elke ou se broek om so voor ‘n gehoor op te staan en jou standpunt te stel nie.

Bloemskou
Tydens Bloemskou 2016 het Tjokkies weer gespog met ons wonderlike talente. Tjokkies uit die Grondslagfase en Senior Primêr het deelgeneem aan drie afdelings, nl. gebak, skrif en blommerangskikking en het in elke afdeling uitsonderlike prestasies behaal. Tjokkies blink uit met 7 eerste plekke, 11 tweede plekke en 12 derde plekke, asook 4 plekke wat hoogs aanbeveel is.

Tjokkies spog ook met twee leerders wat spesiale toekennings gekry het. Henré Linde in Graad 3 het ‘n spesiale toekenning gekry vir die beste inskrywing vir sy kolwyntjies

in die gebak-afdeling. Marnè Heckroodt, wat maar net in Graad 1 is, het ook in die gebak-afdeling ‘n spesiale toekenning ontvang vir oorspronklikheid. Hulle is vereer by ‘n spog-dinee.

SPORT

Rugby

Net soos die ander sportsoorte by Tjokkies is ons ook baie tevrede met hoe ons seuns vanjaar op die *“droë”* velde gevaar het. Veral die O/11 en O/13-ouderdomsgroepe het baie goed gevaar in hul onderskeie ligas. Al die beskikbare afrigters by die skool is ingespan om die spelers die nodige vaardighede aan te leer.

Tjokkies maak ook jaarliks van studente-afrigters gebruik om te help met die afrigting van veral ons laer ligaspanne. Hierdie studente onderteken `n kontrak met die skool waarby streng gehou moet word. Al die Tjokkie-afrigters, insluitende die studente-afrigters, het ook weer vanjaar die verpligte “Boksmart” kursus suksesvol deurloop.

Om deelname te bevorder, het Tjokkies ook vanjaar hul C en D-spanne aan sekere rugbydae laat deelneem. `n Besluit wat in die toekoms heroorweeg sal word, aangesien hierdie spanne dan teen ander skole se sterker spanne speel wat veroorsaak dat ons groot pakslae kry wat die kinders se moraal afbreek.

Die O/13A-spanne en O/11A-spanne het gedurende die Maart/April vakansie `n toer na George onderneem. Alhoewel die kompetisie sterk was, was dit baie goeie voorbereiding vir die seisoen.

Tjokkies het voortgebou op die laaste vyf jaar se goeie prestasies en die volgende seuns het hul provinsie in hul onderskeie spanne verteenwoordig nl:

O/13B: Wian Botma, Jaylan le Roux, Kevin Mcentyre en Jaundré Pienaar.
O/13A: Delron Williams

`n Rugby-akademie onder leiding van Mnr. Hendrik Ras wat uitsluitlik vir Tjokkie-leerders daargestel is, het in die 3de kwartaal begin, juis met die oog op vaardigheidsontwikkeling. Ons glo dat dit ons leerders sal help met die voorbereiding van die volgende seisoen.

Swem

Tjokkies se swemmers is in verskeie groepe ingedeel a.g.v. die groot hoeveelheid swemmers wat opdaag by oefeninge. Dit wys ons dat die leerders die swem baie geniet!

Ons skoolgala was ‘n groot sukses. Die rasieleiers het hulself oortref en baie kinders is gemotiveer om deel te neem. Die vooraf oefening van liedjies maak dat almal lekker saam kan sing tydens die gala. Leerders, sowel as ouers, het die dag baie geniet. Na afloop van die gala is Nicole Dreyer aangewys as die Victrix Ludorum en Simeon Vorster as die Victor Ludorum.

Verskeie skole soos Willem Postma, Jakobsdal, Brandfort en Trompsburg was genooi om aan ons intergala deel te neem. Hierdie gala het by die Universiteit van die

Vrystaat plaasgevind en was `n groot sukses. Hier het ons Tjokkie- swemmers ook baie mooi presteer.

Heelwat leerders is ingesluit in Tjokkies se swemspan wat aan die Vrystaat Swemkampioenskappe deelgeneem het.
Lianza Grobler is dan ook weer herverkies as voorsitter van die Vrystaat Laerskole Swem.

Met al die prestasies wat behaal word in en om die swembad, wys dit vir ons dat Tjokkies se swemmers goed presteer. Baie van ons beginnerswemmers het hulself opgewerk, of sal ons sê opgeswem, en by swemklubs ingeskakel. Ook hier presteer ons kinders baie mooi.

Baie dankie aan elke swemmer en afrigter vir julle toewyding en harde werk in die swembad.

Tennis
Dit is met ‘n dankbare hart dat ek verslag lewer oor 2016 se werksaamhede.
Tjokkies se Rondomtalie het op Vrydag, 12 Februarie 2016 by Muddplein plaasgevind.
Hier het een-en-vyftig seuns en dogters meegeding om sodoende ‘n ranglys te bepaal.

Tydens die Suid-Vrystaat tennisproewe is Christiaan Wïid as reserwe van die 0/14 B-span gekies. Hy is in Augustus opgetrek in die B-span. Wel gedaan!

Op 26 en 27 April 2016 het ons 0/14-seunspan en O/14-dogterspan aan ‘n dubbelstoernooi in Zastron deelgeneem. Hier het die Tjokkie-dogters as naaswenners uit die stryd getree. Hegte vrienskapsbande is hier gesmee en die plattelandse gasvryheid verdien ‘n veer in die hoed. ‘n Woord van dank Leonie Corbett en Marisca Reyneke wat die leerders vergesel het.

Vanjaar het ons onderskeidelik een seunspan en een dogterspan in die 0/11 en 0/14-liga ingeskryf.

My opregte dank aan elke ouer vir jul lojale ondersteuning. Baie dankie aan elke afrigter vir jul bydrae.

Netbal
Die jaar 2016 is ’n hoogtepunt vir Tjokkies se netbal gewees.

Tjokkies se junior netbalspanne het gedurende die seisoen aan verskeie klinieke deelgeneem waar hulle waardevolle afrigting gekry het by professionele afrigters soos oa. Me.Thanya Moster en Me. Lulu van Rensburg.

Die O/12 en O/13 A en B-spanne speel verskeie wedstryde gedurende die April vakansie by Laerskool Bloemfontein se ITEC toernooi. Hier is goeie ondervinding opgedoen en baie goeie uitslae is behaal.

Tjokkies se senior A-spanne het ook aan toernooie te Kroonstad en Kimberley deelgeneem. Karen Marais en Sumé Myburgh het die dogters vergesel. Die O/12-span wen die toernooi te Kroonstad en die O/13-span eindig tweede in hulle ouderdomsgroep. By die Wildeklawer toernooi te Kimberley het die O/13A-span teen

van die beste spanne in die land gespeel en dit as `n baie goeie leerskool beskou.

Die volgende spelers verteenwoordig die Vrystaat in hul onderskeie ouderdomsgroepe by die All Ages Toernooi te Boksburg wat gedurende Juliemaand plaasgevind het:

O/12: Emré Lucas en Eduané J van Rensburg
O/13: Joané Bekker en Marcy Claassen

Vir die Vrystaat uitspeelwedstryde wat in Junie plaasgevind het, word Karen Marais se O/12-span as naaswenners aangewys en die O/13-span van Sumé Myburgh tree as wenners uit die stryd. 'n Pluimpie in die hoed vir hierdie twee afrigters. Dié twee spanne word albei aangewys om die Vrystaat op SA-vlak te gaan verteenwoordig. Dit gebeur nie sommer dat twee laerskoolspanne van dieselfde skool gekies word om SA's toe te gaan nie. Die twee spanne vlieg op 28 Julie 2016 na Kaapstad om te gaan deelneem op nasionale vlak te Kuilsrivier. Ons O/12-span eindig sesde en O/13-span dertiende in die land.

Liga uitslae :
Die volgende spanne was onoorwonne tydens die liga:

O/9 D	: Amie van Rooyen
O/10 A	: Joans Bezuidenhout
O/10 C+ D	: Linda Vermaak en Lizé-Marie Oosthuizen
O/12 A	: Karen Marais
O/13 A	: Sumé Myburgh

Sumé Myburgh slaag vlak 1- Netbalafrigting. Op 4 en 5 Maart woon ons netbalafrigters 'n reëlbespreking en graderingskursus by. Agt van ons afrigters slaag die teoretiese eksamen en nog vier afrigters gradeer.

Drie van ons skool se afrigters word op die Motheo Laerskole Komitee verkies naamlik Sumé Myburgh, Joans Bezuidenhout en Karen Marais. Hulle tree ook op as keurders by die Motheo Laerskole se netbalproewe. Karen Marais word weer verkies as voorsitter vir die Motheo Laerskole sowel as ondervoorsitter vir die Vrystaat Laerskool Netbalkomitee. Karen Marais verwerf 'n B^+ - gradering in Julie by die All Ages Toernooi in Boksburg.

Dankie aan ons afrigters en lojale ouers wat ons netbal by Tjokkies ondersteun.

Krieket
Die krieketseisoen het goed afgeskop ondanks die krieketnette se opgradering wat so bietjie meer tyd as wat verwag is in bestek geneem het. Die afrigters kon steeds `n goeie siftingsproses bewerkstellig deur innoverend op te tree en die spelers op die rugbyveld te keur in hul onderskeie spanne.

Ons ligaspanne was deur die bank uiters mededingend en kompeterend in die onderskeie ligawedstryde.

Die afgelope jaar het `n verskeidenheid van hoogtepunte en prestasies opgelewer. Twee spelers moet egter uitgesonder word in die ligawedstryde. Heini Bisschof het sewe paaltjies teen Willem Postma geneem en Delron Williams het op sy beurt vyf paaltjies teen dieselfde skool ingepalm.

Om alles te kroon is vier van ons spelers ingesluit in die Mangaung Metro Krieketstreek, wat die afgelope vakansie in Bloemfontein aan die Vrystaat Krieketproewe deelgeneem het, nl:

O/11A: Ricu van der Bergh en RJ Fourie
O/11B: Dale Williams
O/13B: Delron Williams

Delron Williams is ook ingesluit in die Vrystaat O/13 B-krieketspan wat die einde van die jaar in Port Elizabeth aan die nasionale krieketweek gaan deelneem.

Wat die nuwe fasiliteite betref, wil ons as afrigters ons opregte dank en waardering betuig. Dit was`n voorreg om te kon afrig op hierdie opgegradeerde fasiliteite en die entoesiasme het deurgespoel na die jong spelers toe.

Elke onderwyser en afrigter word grootliks bedank vir die enorme insette wat hul lewer om krieket by Tjokkies te laat groei. Afgesien van die droogte wat ons tans kniehalter, kon die tereinpersoneel daarin slaag om goeie baanblaaie vir die ligawedstryde voor te berei. `n Besondere woord van dank aan elke ouer wat dit vir sy/haar kind moontlik maak om aan hierdie geliefde sportsoort te kan deelneem.
Mag ons die "foutballe" van 2016 agter die rug sit, ons verlustig in die wete dat die dag van môre `n nuwe beurt sal oplewer.

Atletiek
Die jaar skop af met die Sone-byeenkoms gevolg deur die jaarlikse Fichardtpark-byeenkoms waar goeie kompetisie aan die orde van die dag was. Dit was ook die eerste byeenkoms vir ons Gr 1- atlete!
Tydens die Motheo/Xariep-byeenkoms kwalifiseer twee-en-twintig atlete om aan die Vrystaat byeenkoms te gaan deelneem. Ons Tjokkies-atlete verbeter ook vier rekords op die byeenkoms .

Tjokkies behaal vier eersteplekke, vier tweedeplekke en een derdeplek tydens die Vrystaat Kampioenskap.

Die volgende sewe atlete word verkies tot die Vrystaatspan:

Selma du Preez, Eduané Janse van Rensburg, Charné Wansbury, Mienke Delport, Janco Pelser, MJ Meyer en Jaundré Pienaar.

Joans Bezuidenthout word verkies tot die Vrystaatspan se naellope- en aflosafrigter.

Die SA Kampioenskappe te Port Elizabeth vind op 11 en 12 Maart 2016 plaas. Besondere prestasies word deur ons Tjokkie-atlete behaal.

Seuns O/13 Jaundré Pienaar: hoogspring – 3de
Dogters O/12 Eduané Janse van Rensburg: 150m – 3de; 100m – 3de; aflos – 2de
Seuns O/10 Janco Pelser: 70m hekkies - 4de; aflos – 2de
Seuns O/12 MJ Meyer: gewigstoot - 8ste
Dogters O/13 Selma du Preez: 800m – 8ste; 1500m – 11de

Baie dankie aan elke afrigter wat `n aandeel gehad het aan `n suksesvolle seisoen. Harde werk van atlete en ondersteuning van ouers word altyd beloon. Geluk!

Skaak
Skaakoefeninge is goed deur Tjokkie-leerders onderdersteun en daarom kon ons hierdie jaar vier spanne vir die liga inskryf. Wedstryde het in die tweede kwartaal plaasgevind. Daar was twee juniorspanne en twee seniorspanne wat deelgeneem het.

Die volgende spelers is opgeneem in die Vrystaatspan vir 2016:

Wian Griesel
Lika Botha
Arno Griesel
Wandrich Keyser
Gerhardus Janse van Rensburg
Werner Griesel
Emma Botha

Baie geluk aan almal en onthou om altyd die regte skuif te maak.

TJOKKIES PREPRIMêR (Annemarie Venter)
'n Oorsig oor die afgelope twintig jaar, lei my terug na 'n droom wat gestalte gekry het in 'n fyn uitgewerkte plan en wat baie liefde geverg het. Deur die jare het ek by talle geleenthede verslag gedoen van ons werk, ons personeel, lojale Tjokkie ouers en van ons fasiliteite.

Desember 1995
Mnr Coomans het die idée uitgedink! Ek en Elsabè het aan die droom begin werk. Ons het weggespring met twee leë klaskamers, 'n stukkie tuin, met 'n grondpad dwarsdeur die middel van 'n treurige grasperk, 'n ou stoortjie ingerig as kantoor en 'n "diamond-mesh" draadheining.

1996 – 2010
Tjokkies Preprimêr open, met 50 kleuters, na 15 maande was daar 112 op die rol en begin die Rooiklas Januarie 1997. Teen die einde van 1999 meld ek in my jaarverslag dat die moontlikheid van 'n vierde klassie nie uitgesluit is nie. Teen die einde van 2001 het ons 134 kleuters in vier klassies. Hierdie tydperk getuig van groei en bloei tussen kinders, onderwysers en ouers. Ons gee koerantjie uit, hou Ken-mekaar aande, begin buitemuurs, stig komitees, verf Saterdae die skool se mure en die gholfdaggeld betaal vir alles.

2010 -2015
Ons personeelspan sleep die Tjokkie-wa soos 'n span osse, ingeharnas, in pare, om met geesdrif saam te trek! "As a draft-animal is yoked in a wagon, even so the spirit is yoked in this body." Daar was baie spesiale jare, 'n milleniumjaar, 10e bestaansjaar, 20 jaar fees en ook baie, sommer net, gewone jare. Hoe wonderlik om gewone dinge te doen en daaruit 'n buitengewone ervaring te kry. Die klem val daarop dat 'n mens dit saam met die regte mense moet doen, mense soos die Tjokkie-span.

Om juffrou te wees beteken om 'n kinderhandjie te vat en oor 'n hindernis te help, om 'n penbekrapte tienerhand te kan vasgryp en dan…. eendag 'n volwasse hand na jare te kan vasvat. Die wete dat jy koers aangedui het, kennisskatte uitgedeel het, wetende dat die mens slegs ten dele ken en dat kennis wel mag is, maar nie almag nie.(Prof. Neil v Loggerenberg)

2016
Vir oulaas het ek die geleentheid om my trots te wys. Volgens ‘n ou Māori tradisie, moet jy die trots van jou land wys, sodat die mense kan weet wiè jý is.

My trots lê nie in dit wat ons vermag het nie, maar wel in hoe ons geleef het.

Ons het geleef met …

- mededeelsaamheid van ouers op die Sosiale- en Redaksie-komitees, wat hulle tyd, handewerk en kennis met ons gedeel het. Dankie aan Leanda Matthys en Monique Strauss vir hul aandeel.
- ‘n Doel voor oë, toe ons die Gholfdag aangepak het. Ettienne Matthys en Pieter Jordaan as voorsitters, het ‘n uitmuntende komitee gelei en die grootste wins ooit gemaak.
- liefde vir die natuur terwyl ons gesorg dat ‘n kurkdroë Tjokkietuin weer mooi lyk. Dankie aan ‘n hele span, die terreinkomitee.
- geluk en vreugde, die vreugde van groot happe “cup-cakes” en lekker “sweeties” tydens bederfdag, omdat agt mamma’s elke Vrydag, lekkernye aandra.
- liefde en skoonheid, omdat “Jy jouself moet liefhê”, soos die Bybel sê, ons ervaar hoe elke kindjie dit uitleef, veral tydens fototyd.
- aanmoediging, wat ons kry wanneer ons buitemuurse aktiwiteite beoefen, prentjies mooi afrond, maats en speelgoed met respek waardeer.
- erkenning, wanneer almal juig en trots is op kleuteroorwinnings, by die sport-/karnavaldag.
- kennis en wysheid. Die Gradeplegtigheid kondig altyd die jaareinde aan, ons kindertjies is toegerus met kennis en vaardigheid vir die volgende jaar.

As jy leef met Jesus, leer jy om geloof te hê. Tjokkiekonsert word opgedra aan ons Skepper wat heeljaar Sy beskermende hand oor ons hou en ons seën met soveel voorregte.

Alles hierbo handel oor ons kleuterboerdery. Ons kweek uitvoerprodukte na Graad 1. Ons het ’n boerdery van stoetperdjies, goed afgerig en in top kondisie hier by ons stalle. Hulle word betyds gespeen en gewoond gemaak aan ‘n toom. Hul waardebepaling is lank reeds in die hemel gedoen. Hul teelaarde is huise waar hoë lewenswaardes geld. Ons lei hul versigtig en ruk nie te hard aan die toom nie. Ons los ook nie die toom te gou nie, ons stap saam tot by die groot krale se hekke. Ons hoop dat ons genoeg kragvoer gegee het, sodat hulle hulleself kan handhaaf by die voerbakke. Dankie dat u as ouers hierdie perdjies aan ons toevertrou.

As ek terugkyk sien ek;
Bietjie hartseer, bietjie kwaai, baie liefde, baie lag, baie gesels, blydskap, opgewondenheid, vreugde, mooi dinge, blomme, kameraadskap, ouerskap, vriendskap, gedeelde belange en kindertjies. Ek dink aan personeel wat my vriende geword het. Sterk vrouens, wat saamwerk, wat kameraadskap ken, dames wat lief en leed saamdra, my kollegas “Ek salueer julle!”

“NET MY BESTE “ is die leuse van ons geliefde skool. Net my beste vir die lewe, is ‘n geskenk wat ek van Tjokkies gekry het, ‘n geskenk wat ek daagliks, op my nuwe lewensreis, in my hart sal saamdra.

Met liefde en vir oulaas,
Anna-Marie Venter

MEEGEVOEL

Tjokkies getuig sy innige simpatie met ouers, kinders en opvoeders wat geliefdes aan die dood afgestaan het.

Ons is ook bewus van ouers wat tans ’n stryd teen kanker en ander siektes voer en wil hulle verseker van ons volgehoue voorbidding.

BEDANKINGS

My opregte dank aan;

- Ons Hemelse Vader
- Mnr G Simmons, Kringbestuurder
- Die Beheerliggaam en alle Funksionele komitees
- Ouerkomitee
- Die Bestuurspan
- Personeel
- Tjokkies Preprimêr se personeel
- Die administratiewe personeel
- Mnr Hennie Greyling en die terreinpersoneel
- Leerderraad
- Ouers
- Ma’s wat Omgee vir hulle gebede
- Borge en donateurs, veral Universitas Spar, Senforce en die Midasgroep
- My vrou Ansie wat Tjokkies met my moet deel.

TEN SLOTTE

Alhoewel ons vanaand erkenning gee aan hulle wat geseën is met wonderlike talente is dit ook gepas dat ons , soos God, sal omgee vir die klein dingetjies. Dinge soos die saal-versiering, die mooi stemme van kinderkore, die gawe van vriendskap en die kinders wat nie vanaand hierdie pragtige aand met ons kon deel nie, maar seer sekerlik ook hard gewerk het.

Ons groet vanaand die graad 7-leerlinge en bid hulle die Here se seën toe. Die name van die graad 7-leerlinge met die aantal jare by Tjokkies in hakies. Die sterretjie dui aan dat hy/sy die laaste Tjokkie van die gesin is.

Graad 7A (Mnr Jannie Oosthuizen)

*Beylefeld	Marno (9)
Botha	Lihan (9)
*Botma	Wian (7)
Brits	Stian (7)
Coetzee	Keagan (4)
Coetzer	George (7)
Delport	Wian (8)

*Hayward	Alex (8)
*Kühn	Damian (7)
Lombaard	Brandon (8)
*Nel	Gerard (9)
*Olivier	Collin (10)
Potgieter	Juwen (9)
Scholtz	Arno (9)
*Timmins	Robert (7)
Van Staden	Rivan (8)
*Van Tonder	Wikus (8)
Visser	Jaco (8)
*Bekker	Joané (8)
Bornman	Mikyla (9)
*Claassen	Alana (7)
Du Pisani	Maryke (8)
*Du Plessis	Leandri (8)
Du Preez	Zeliché (8)
Du Toit	Loné (7)
Fourie	Simoné (9)
*Helm	Christelle (7)
Otto	Claudine (7)
*Robbertse	Anika (9)
*Smith	Jana (9)
*Van der Merwe	Emmari (3)
Van Niekerk	Suané (7)
Venter	Zandré (3)
Visser	Megan (7)

Graad 7B (Mnr Neels Gunter)

*Adendorff	Daniël (7)
*Bezuidenhout	Danian (9)
*Crous	Christiaan (9)
Du Plessis	Deon (8)
*Field	Matt (7)
*Gaitskill	Ian (7)
*Higgs	Hàno (8)
Hoffman	Ezwan (9)
*Jansen v Vuuren	Andries (9)
Koen	Edmund (3)
Oosthuizen	Derrick (9)
Raubenheimer	Matthew (8)
Tiedt	Corné (9)
Van der Walt	Schalk (3)
*Volschenk	Danie (9)
Wapad	Angelo (7)
*Carr	Nicole (9)
Coetsee	Li-Marié (6)
*Cumming	Michaela (6)
Eloff	Mylize (9)
Ernst	Buané (5)

Geldenhuys	Alecia (7)
*Helm	Christené (7)
Hoffman	Mar-Hené (9)
Humphries	Mienke (8)
*Louw	Anzery (7)
Mugglestone	Danae (5)
*Nel	Herlize (8)
*Nuttall	Cailyn (5)
*Patricio	Dené (9)
Pretorius	Lize-Marié (7)
*Roux	Jani (8)
*Visagie	Melissa (9)
Wiegand	Cara-Ann (8)

Graad 7C (Mnr Nicolaas Slabbert)

*Aggenbacht	Jeandré (9)
Boraine	Dylan (7)
*Britz	Wian (7)
De Klerk	Brümmer (8)
De Klerk	De Wit (8)
*Fourie	AJ (4)
Griesel	Werner (7)
Ingram	Matthew (8)
Jacobs	Ludwig (5)
*Janse v Rensburg	Eduan (8)
Kirstein	Christiaan (9)
Kruger	Janus (9)
*Marais	Franco (9)
Moore	André (9)
*Pienaar	Raimund (9)
Van der Merwe	Heyter (4)
Van der Walt	Dillan (3)
Willemse	Riken (7)
*Barnard	Riané (8)
*De Beer	Kyla (9)
De Kock	Jozani (4)
Delport	Sumé (9)
Du Rand	Chani (8)
*Erasmus	Jana (4)
Ferreira	Limoné (7)
Jacobs	Miané (8)
*Nel	Lichén (8)
Schröder	Anzél (7)
Snyman	Amidré (7)
Swanepoel	Leani (8)
*Van den Hever	Marné (9)
*Van Niekerk	Elske (3)
*Venter	Thanya (8)
*Wessels	Stephanie (7)
*Zealand	Michaela (7)

Graad 7D (Me Zilke Mahabeer)

Boshoff	André (8)
Brown	Bevan (7)
Crafford	Iwan (7)
*De Bruin	Jaano (8)
*De Kock	Wian (7)
Du Randt	Handré (8)
*Du Toit	Ruan (8)
*Hamilton	Brett (7)
*Hamming	Almero (9)
Le Roux	Jaylan (3)
*Liebenberg	Henco (9)
*McIntyre	Kevin (9)
*Pienaar	Jaundré (7)
Shaw	John (9)
*Van Aswegen	Wouter (7)
*Van Niekerk	Wyhan (7)
*Wessels	Andries (7)
Wiid	Christian (8)
Williams	Delron (6)
*Bezuidenhout	Andrea (6)
*Claasen	Marcy (9)
Coetzer	Annelia (7)
*De Winnaar	Elsjeri (3)
*Grobler	Rochelle (5)
*Hattingh	Christinic (7)
*Kotze	Janke (9)
*Lucas	Emré (5)
*Maritz	Lenée (7)
Nel	Madlé (4)
*Oosthuizen	Stefanie (5)
Rossouw	Christine (8)
*Smith	Annica (7)
*Strydom	Marelize (9)
*Theron	Marlezé (8)
*Van den Berg	Sintie-Shay (7)
*V Nieuwenhuizen	René (2)

Woorde van Tjokkies se afskeidslied.

Ons spore lê oor Tjokkieland,
Hier was ons harte aan die brand
Ons het gekom om iets te leer
En gaan hier weg met soveel meer
Ons leer en sing en speel en lag
En Jesus dra ons deur die dag
So kom ons nader aan mekaar

En ons aanvaar Gods woord is waar

Tjokkieland, waar ons leer en
die toekoms vir ons begin
Hier gee onnies en ouers
En maats aan die lewe sin.
Net my beste – onthou –
Ons kan altyd op God vertrou
As ons groet is dit seer, maar
Ek weet eendag sien ek jou weer.

'n Geseënde feesseisoen word u toegewens.